

**BEVORDER DIE  
“WET OP DIE ONTWIKKELING VAN MINERALE- EN  
PETROLEUMHULPBRONNE” EKONOMIESE GROEI EN  
OMGEWINGSBEWARING?**

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die  
vereistes vir die graad Magister Legum in  
Boedelreg aan die Potchefstroomse Universiteit  
vir Christelike Hoër Onderwys

deur

**R van der Walt  
10330798**

Studieleier: Prof G J Pienaar

November 2002

**BEVORDER DIE  
“WET OP DIE ONTWIKKELING VAN MINERALE-EN  
PETROLEUMHULPBRONNE” EKONOMIESE GROEI EN  
OMGEWINGSBEWARING?**

**SUMMARY**

**Does the Minerals and Petroleum Resources Development Act promote economical  
growth and environmental conservation?**

The present distribution of property rights in South Africa is the product of a history of discriminatory practices. Section 25 of the *Constitution of the Republic of South Africa* 108 of 1996 is the product of a political compromise and various subsequent Acts have been introduced to restore the imbalances. It was therefore foreseen that transformation of the mineral law system must also be introduced. The *Minerals and Petroleum Resources Development Act* of 2002 was published in the Government Gazette on 10 October 2002. Far-reaching changes to the existing mineral law system were introduced by making the state the custodian of all mineral rights. Existing holders of prospecting and mining rights will also have to re-apply for permits.

## **1 Inleiding**

Voor die aanvaarding van ‘n nuwe grondwetlike bedeling het daar groot ongelikheid geheers ten opsigte van regte en toegang tot onroerende grond. Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 maak spesifiek daarvoor voorsiening dat die staat wetgewing of ander maatstawwe moet instel ten einde toegang tot eiendom op ‘n gelyke basis te bewerkstellig<sup>1</sup>.

Ten einde grondhervorming te bewerkstellig, het die wetgewer verskeie wette aanvaar, naamlik die *Wet op die Herstel van Grondregte* 22 van 1994, die *Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders)* 3 van 1996, die *Wet op Ontwikkelingsfasilitering* 67 van 1995, die *Wet op Tussentydse Beskerming van Informele Grondregte* 31 van 1996, die *Wet op Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond* 19 van 1998 en die *Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg* 62 van 1997.

---

1 A 25(5)

Die ANC se oorspronklike *Heropbou en Ontwikkelingsprogram* (1994) bevat uitdruklike voorskrifte rakende grondhervorming. Die ANC het gevoel dat die blote herroeping van diskriminerende wetgewing nie genoegsaam is nie. Daar moet 'n duidelike en doelgerigte grondhervormingsprogram in werking gestel word om sodoende meer sekuriteit vir behuising en grond vir almal te kan bewerkstelling en ook 'n onderskeid te tref tussen grondhervorming en grondverdeling<sup>2</sup>.

Wat herverdeling betref, ondersteun NUM<sup>3</sup> (Nywerheidsunie vir Mynwerkers) ook die beginsel van mineraalverdeling soos in die *Mineral Development Draft Bill*<sup>4</sup> vervat. Hulle beweer egter dat dit nie genoegsame voorsiening maak vir werkskepping nie en ook nie die kwessie van subkontraktering aanspreek nie.

Minerale behoort aan die eienaar van die grond, solank as wat dit deel van die grond vorm. Die verkryging van mineraalregte impliseer nie dat die mineraalreghouer eiendomsreg op die minerale verkry nie. Dit gebeur eers as die minerale daadwerklik van die grond afgeskei is deur ontginning<sup>5</sup>. Reeds sedert 1881 is dit ingevolge wetgewing van die Zuid-Afrikaan Republiek<sup>6</sup> moontlik dat mineraalregte afgeskei kan word van eiendomsreg op grond. Verwysende regspraak nadat die *Mineraalwet* 50 van 1991 in werking getree het, *Trojan Exploration Co (Pty) Ltd v Rustenburg Platinum Mines Ltd*,<sup>7</sup> bevestig dat mineraalregte wat van eiendomsreg geskei is afsonderlike beperkte saaklike regte is:

The nature of rights to minerals which had been separated from the ownership of the land, as they had developed in South Africa, was described by Innes CJ in *Van Vuren and Others v Registrar of Deeds* 1907 TS 289 at 294 as being the entitlement 'to go upon the property to which they relate to search for minerals, and, if he (the

2 Gutto *Constitutional and Jurisprudential Perspectives* 64

3 Konsepwet 'sal mynbou se wanbalans aanpak' *Rapport* 15 Julie 2001 5

4 GK 4577 SK 21840 van 18 Desember 2000

5 Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 332

6 Badenhorst 1999 *Stell* LR 98

7 1996 4 SA 499 (HHA)

holder) finds any, to sever them and carry them away'. As these rights could not be fitted into the traditional classification of servitudes with exactness – they were not praedial as they were in favour of a person, not a dominant property – they were not personal as they were freely transferable – they had to be given another name, and the Chief Justice dubbed them quasi-servitudes, a label that has stuck. They are real rights<sup>8</sup>.

Mineraalregte kan op die volgende wyses van die eiendomsreg van grond afgeskei word<sup>9</sup>:

1. Ingevolge artikel 70, 71 en 72 van die *Registrasie van Aktes Wet 47* van 1937 deur 'n voorbehoud van minerale regte wanneer die grond aan iemand anders getranspoteer word. In sodanige geval is dit verpligtend dat 'n sertifikaat ingevolge artikel 71(1) van regte op minerale uitgeneem word.
2. Artikel 73 bepaal die voorbehoud van minerale regte by 'n verdeling van mede-eiendom. In sodanige geval is dit ook verpligtend dat 'n sertifikaat van regte op minerale uitgeneem word.
3. Die eienaar van grond kan te enige tyd 'n sertifikaat van regte op minerale verkry ten opsigte van alle regte op minerale deur hom gehou onder dieselfde titel as dié waaronder die grond is, soos vervat in artikel 70(5).
4. Artikel 70 bepaal dat sessie van regte op minerale deur die grondeienaar aan 'n ander persoon kragtens 'n ooreenkoms beliggaam tussen die partye, welke sessie in 'n notariële akte vervat moet word. Ingevolge artikel 61(2) kan sodanige sessie ook eensydig wees mits dit nie aan die sessionaris verpligtinge oplê nie.

---

8 509 G-I

9 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 83

Sessie van regte op minerale by wyse van notariële ooreenkoms kan voortspruit uit verskillende oorsake, byvoorbeeld verkoping, skenking, ruil en vererwing.

Wanneer regte op minerale by wyse van enige van voormelde metodes van die eiendomsreg van grond afgeskei is, kan sodanige regte daarna deur die reghebbende daarvan slegs deur middel van 'n notariële sessie aan iemand anders oorgedra word.

In die hofsaak van *Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v President of the RSA*<sup>10</sup> is daar beslis dat minerale nie deel vorm van die beskrywing van eiendom soos vervat in artikel 25(4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 en geniet gevolglik ook nie die beskerming soos vervat in die gemelde artikel nie.

What is protected as “property” in section 25 of the Constitution is land and other corporeals. Mineral rights are not given express protection in the Constitution. Furthermore, because of our peculiar history of land deprivations and forced removals and unequal distribution of land, the framers of our constitution decided to limit the protection of property to land and other corporeals.<sup>11</sup>

Hierdie stelling is debatteerbaar en die skrywer ondersteun die siening van Van der Walt<sup>12</sup> wat afwyk van die normale privaatreg omskrywing van eiendomsreg. Die beskrywing van eiendom soos vervat in artikel 25 van die *Grondwet* kan nie in afsondering gebruik word nie, maar moet saamgelees word met artikel 1, 7(1), 36(1), 39(1) en die voorwoord van die Wet. Dit sou beteken dat 'n wyere betekenis aan eiendom verleen word wat meer omvattend is as die gemeenregtelike omskrywing van eiendomsreg en ook regte in onstoflike sake sal insluit.

---

10 2002 1 BCLR 23 (T)

11 31 D-E

12 Van der Walt A J *The Constitutional Property Clause* 54

## 2 Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne

### 2.1 Aanhef

Die aanhef maak spesifiek daarvoor voorsiening om ekonomiese groei te bevorder. Hierdie oogmerk stem ooreen met President Mbeki se toespraak met die opening van die Millennium Arbeidsraad op 7 Julie 2000 te Midrand, waar hy die volgende stelling maak:

A critical question, which needs to be addressed, is the matter of massively expanding productive investment by South Africans in our Economy. Despite accelerated economic growth after 1994, the growth in Gross Domestic Fixed Investment has been slow. As South Africans we must find ways of saving more and investing more so as to generate more wealth and create more jobs.<sup>13</sup>

### 2.2 Fundamentele beginsels

Die fundamentele beginsels soos vervat in hoofstuk 2 stem in 'n groot mate ooreen met die langtitel van die *Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne*<sup>14</sup>. Dit is egter verbasend dat die oogmerk is om kontrole en toegangsbeheer oor die nasie se minerale reserwes te bewerkstellig. Mineraalregte is reeds vir die afgelope dekades in die ope mark verhandel, soos blyk uit die statistiek verskaf deur die Registrateur van Aktes en die Myntitelkantoor.

#### REGISTRASIE BY DIE MYNTITELKANTORE


JAAR	NOMINASIE OOREENKOMSTE	MYN HUURKONTRAKTE	TOTALE EISE OORGEDRA
1998	*	3	15 007
1997	*	2	19 552
1996	*	5	23 529
1995	44	3	24 067
1994	56	3	6 416
1993	81	10	7 096
1992	135	42	30 977
1991	88	35	25 345
1990	161	11	23 170

\* Inligting nie beskikbaar van department nie.


13 Chamber of Mines of South Africa Memorandum to the Director-General: Minerals and Energy on the Draft Minerals Development Bill – (2001) 21

14 Wet 28 van 2002

### TOTALE MINERALE KONTRAKTE GEREGISTREER



### TOTALE PROSPEKTEERKONTRAKTE GEREGISTREER



Met inwerkingtrede van die *Mineraalwet 50* van 1991 op 1 Januarie 1992 het daar egter 'n probleem ontstaan, naamlik dat die verkryging van 'n magtiging om te myn ingevolge artikel 5(3) van gemelde Wet nie selfregerende gebiede ingesluit het nie. Verdere wetgewing wat eers op 1 Mei 1995<sup>15</sup> in werking

15 A2 van die *Minerals and Energy Rationalisation Act 47* van 1994; prokl R46 van 1995 in SK 5498 van 28 April 1995

getree het, het hierdie probleem opgelos. 'n Illustrasie van hierdie probleem is te vinde in die *Trojan*<sup>16</sup> saak.

Steeds is dit verblydend dat die rekordhouding van mineraleregte en verwante regte 'n realistiese weergawe weerspieël, sou 'n mens dit vergelyk met die rekordhouding van grondhervorming:

All that could be obtained was the gross figure of the number of claims lodged. The absence of this type of information impoverishes any study of the restitution process.<sup>17</sup>

### 3. Minerale- en Petroleumhulpbronnwet in vergelyking met die Grondwet

Tydens 'n persoonderhoud op 18 Desember 2000 het die Minister van Mineraal- en Energiesake onderneem dat:

- a. dit nie wetgewing sal instel in stryd met die *Grondwet* nie;
- b. in die geval waar die voorstelle van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* neerkom op onteiening van eiendom, die staat sal kompenseer ooreenkomstig die *Grondwet*;
- c. die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* na die konstitusionele hof verwys sal word ten einde die grondwetlikheid daarvan te kontroleer.

In die lig van bogemelde agtergrond, word die volgende grondwetlike beginsels bespreek:

#### 3.1 *Eiendomsklousule*

Die bepalings van die Handves van Regte maak dit duidelik dat geen reg absoluut is nie en dat ooreenkomstig die bepalings van artikel 36 van die

---

16 Vn 6 hierbo

17 Brown ea *Land Restitution in South Africa: A long way home* 14

*Grondwet*, alle regte vervat in hierdie handves onderworpe is aan beperkings, mits dit redelik regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing. Die bepaling van artikel 25(8) van die *Grondwet* moet gevolglik aan die faktore gestel deur artikel 36 getoets word. Faktore wat spesifiek in ag geneem moet word, sluit in:

- (a) die aard van die reg;
- (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
- (c) die aard en omvang van die beperking;
- (d) die verhouding tussen die beperking en die doel; en
- (e) mindere beperkende maniere om die doel te bereik.

Die algemene beperkingsklousule in artikel 36 van die *Grondwet* moet tesame met artikel 7(3) van die *Grondwet* gelees word. Laasgenoemde artikel maak voorsiening dat regte in die wet onderhewig is aan beperkings<sup>18</sup>. Die beperkings soos dit voorkom in die artikel self moet gelyktydig gelees word met die algemene beperkingsklousule<sup>19</sup>. Die enigste outeur wat verskil van hierdie sienswyse is Rautenbach<sup>20</sup>. Met 'n analise van die gehele artikel 25 van die *Grondwet* kon geen bewys gevind word dat die algemene beperkingsklousule ingevolge artikel 36 uitgesluit is ten opsigte van die eiendomsklousule nie<sup>21</sup>.

Die Konstitusionele Hof het alreeds met vorige uitsprake beslis dat hulle die Kanadese “twee vlak” benadering volg om die ongeldigheid van 'n wet te toets. In die eerste vlak rus die bewyslas op die applikant om te bewys dat daar inbreuk op die beskermde reg ingevolge die fundamentele reg bestaan het. Sou hierdie resultaat positief wees, word daar oorgegaan na die tweede vlak. Tydens hierdie tweede vlak word die bewyslas geplaas op die party wat aanspraak maak op die geldigheid van die wet en ontstaan die vraag of die inbreukmaking geregverdig is ingevolge artikel 36 van die *Grondwet*.

18 Van der Walt *Constitutional Property Clause* 82

19 De Waal, Currie en Erasmus *The Bill of Rights Handbook* 113  
Chaskalson M ea *Constitutional Law of South Africa* 12-17

20 Rautenbach *General provisions in the South African bill of rights* 106

21 Van Wyk D ea *Rights and Constitutionalism* 462

As daar aangeneem kan word dat dieselfde benadering gevolg moet word ten opsigte van die eiendomsdispuut sal die applikant gedurende die eerste vlak moet bewys dat daar 'n inbreukmaking plaasgevind het op die beskermde reg op eiendom ingevolge artikel 25. Onmiddellik ontstaan daar twee vrae, naamlik of daar bewys kan word dat die eiendom kwalifiseer onder die beskerming van artikel 25 en of daar 'n inbreukmaking op die eiendom bestaan. Sou die applikant die bestaan van 'n beskermde eiendom of die inbreukmaking daarop bewys, vorder die saak na die tweede vlak. Tydens die tweede vlak is die party wat staat maak op die wettigheid van die bestaan van die wet verplig om te bewys dat die inbreukmaking geregverdig is ingevolge artikel 25 of ingevolge artikel 36 of beide<sup>22</sup>.

Die inhoud van artikel 52 van die *Minerals and Petroleum Resources Development Bill* stem direk ooreen met die beginsels van die *Grondwet* soos vervat in artikel 25(2) en 25(3), naamlik dat onteiening in die openbare belang moet geskied en daarvoor gekompenseer moet word. Laasgenoemde *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* maak ook voorsiening vir die vasstelling van kompensasië bereken aan die hand van artikel 12 van *Onteieningswet* 63 van 1975, tesame met die beginsels van die *Grondwet* soos vervat in artikel 25(3).

In onlangse regspraak is die volgende riglyne verskaf rakende die vasstelling van waardebeoordeling ooreenkomstig die *Onteieningswet*. In die saak *De Villiers v Stadsraad van Mamelodi*<sup>23</sup> is beslis:

... in die normale loop van sake, en in die algemeen gesproke (sal daar) altyd 'n mark vir regte op minerale wees, sodat aan die hand van die beginsels in 'n ope mark, die waarde van minerale wat onteien is, bepaal kan word. Daardie waarde kan natuurlik wissel, maar die feit dat dit moeilik is om die markwaarde daarvan te bepaal, neem nie weg van die feit dat regte op minerale 'n kommoditeit is waarvoor daar 'n mark bestaan nie.

In *Kangra Holdings v Minister of Water Affairs*<sup>24</sup> is die volgende beslis ten opsigte van steenkoolregte:

---

22 Van der Walt *Constitutional Property Clause* 28

23 1995 4 SA 347(T)

24 1998 4 SA 330 (HHA)

In the context of contractual damages the terms 'market' and 'market value' do not connote an organised market like a stock exchange or municipal produce market; if a commodity, offered for sale, is likely to attract potential purchasers who would be prepared to buy if the price were agreed, that commodity is marketable in a commercial sense and capable of having a market value.

Ingevolge artikel 25(1) van die *Grondwet* word ontneming van eiendom aangespreek. Hierdie subartikel verseker dat alle staatsinmenging met privaat regte in eiendom in ooreenstemming met die reg sal wees. Dit beteken dat staatsinmenging slegs toelaatbaar sal wees as dit deur 'n behoorlik uitgevaardigde wet van die wetgewer of die beginsels van die gemenereg en gewoontereg gemagtig is en in lyn met die toepaslike regsprosedures<sup>25</sup>.

Ingevolge artikel 25(2) van die *Grondwet* word onteiening van eiendom aangespreek. Onteienings sluit net daardie ondernemings in wat neerkom op gedwonge verkoop van die eiendom vir openbare doeleindes<sup>26</sup>.

Die begrip *openbare belang* soos vervat in artikel 25(4) van die *Grondwet*, moet geïnterpreteer word om die nasiese onderneming tot grondhervorming in te sluit en om gelyke verdeling en toegang tot alle Suid-Afrikaanse natuurlike hulpbronne beskikbaar te stel<sup>27</sup>.

Opsommenderwys wil dit voorkom asof die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* nie teenstrydige bepalings met die eiendomsklausule van die *Grondwet* bevat nie. Regters moet ook die beskerming van privaateiendom opgeweeg word in die lig van komplekse historiese feite<sup>28</sup>.

---

25 Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 349

26 *Idem* 352

27 De Waal, Currie en Erasmus *The Bill of Rights Handbook* 331

28 Chaskalson *ea Constitutional Law of South Africa* 31-21

### 3.2 *Gelykheidsbepaling van artikel 9*

Artikel 9(2) van die *Grondwet* stel primêr die bevordering van gelykheid tot alle kategorieë van persone en dit is daarom nodig dat wetgewing ingestel moet word ten einde enige vorm van diskriminasie teen te werk. 'n Verdere voorstel wat gemaak word ten einde gelykheid te bewerkstellig, is dat vorige subsidies wat verkry is op landbougrond ook in berekening gebring moet word, wanneer kompensasie vir onteieningdoeleindes bewerkstellig word<sup>29</sup>. Ten einde die regstelling van artikel 9(2) van die *Grondwet* te bewerkstellig is die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* ook in ooreenstemming met die beginsel van die *Grondwet*.

### 3.3 *Markwaarde*

Markwaarde is die aanvaarde en aanvaarbare uitdrukking van die waarde van goed in geld, dit wil sê die bedrag wat deur 'n gewillige koper aan 'n gewillige verkoper op die ope mark daarvoor betaal sal word. Dit is daardie waarde wat algemene aanvaarding geniet (ook in ons howe) en waaraan regsgevolge geheg kan word<sup>30</sup>.

Ingevolge artikel 52(2) van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* word dit uitdruklik gestel dat waar onteiening plaasvind die vergoeding bereken moet word ooreenkomstig die bepalings van die *Onteieningswet* 63 van 1975. Vervolgens bepaal die wet uitdruklik dat die markwaarde van goed moet geld as die vergoedingsnorm aan die eienaar van goed wat onteien is.

### 3.4 *Regspraak*

Die wyse waarop die howe markwaarde interpreteer in die geval van onteiening is om van die uitgangspunt te gaan dat die gemene reg en *S A*

29 Hlatshwayo "Tenure act fails rural poor" *Business Day* 29 May 2000 11

30 Raubenheimer *Waardasiereg* 6

*Onteieningswetgewing* opgeweeg moet word. Die onteiene behoort ten volle vergoed te word vir die skade wat hy ly as gevolg van die onteiening.

Regter van Dijkhorst het in 1979 in die saak *Kerksay Investments (Pty) Ltd v Randburg Town Council*<sup>31</sup> in 'n Transvaalse Provinsiale Afdeling die tradisionele beskouing van huidige markwaarde verwerp en beslis dat die algemene beskouing moet wees om slegs markwaarde as 'n vertrekpunt te neem die waarde opwaarts of afwaarts aan te pas, soos wat dit regverdig sou wees<sup>32</sup>.

### ***Attorney-General v De Keyser's Royal Hotel Ltd***<sup>33</sup>

So vroeg as 1920 is daar beslis dat waar onteiening plaasgevind het, vergoeding moet plaasvind. Die beslissing is in London deur die House of Lords gemaak.

### ***Cultura 2000 v Government of the Republic of Namibia***<sup>34</sup>

In hierdie saak is daar beslis dat kompensasie laer as die markwaarde kan wees en dat dit steeds regverdig en ooreenkomstig die beginsels van die Namibiese Grondwet is.

### ***Bodasing v South African Roads Board***<sup>35</sup>

Die gedeelte van grond wat bemarkbare materiaal bevat (in *casu* klipgruis en sand vir padkonstruksie) se markwaarde sal teen 'n hoër koers bereken word as die res van die eiendom.

In my view this (klipgruis en ander materiaal) was a marketable commodity and his loss would generally be calculated with reference to the market value of the commodity. In this case the royalty basis for valuing is the appropriate one, subject to what I said about a reduction that the willing buyer and willing seller would have agreed.....

---

31 1997 1 SA 511 (T)

32 Carey Miller en Pope *Land Title in South Africa* par 6.4.4.3

33 1920 AC 508 (HL)(United Kingdom)

34 1993 2 SA 12 (Nm)

35 1995 4 SA 877 (D)

By onteining is dit belangrik om te onthou dat ook die aanwesigheid van serwitute op die gedeelte wat staan om onteien te word, 'n weselike invloed op die waarde van daarde gedeelte mag uitoefen.

*In re Farmerfield Commercial Property Trust*<sup>36</sup>

Die markwaarde van onroerende eiendom kan net bepaal word soos dit vandag en gister was, nie hoe dit môre sal wees nie.

Die vergoeding kragtens 'n onteining moet dus bepaal word met inagneming van die eiendom se waarde op 'n spesifieke datum in die verlede. Waarde kan nie vir 'n toekomstige datum bepaal word nie, want niemand kan met sekerheid sê wat daardie waarde sal wees nie.

What happens if valuable mineral deposits are discovered on the property after determination but before the expropriation?

*Mooikloof Estates v Premier, Gauteng*<sup>37</sup>

Die beginsels rakende die vergoedingsaspek in geval van onteining word helder in hierdie saak uiteengesit. Onder andere: ongerealiseerde potensiaal is nie dieselfde as verwesenlikte werklikheid nie; markwaarde sluit nie alle verlies in wat onteining veroorsaak nie; verliese, soos die verminderde potensiaal van die restant van die eiendom na onteining, moet as sulks geëis word; 'n serwituut, soos 'n kraglynserwituut, het in die algemeen gesproke 'n nadelige invloed op die waarde van onroerende eiendom.

#### 4 Reëlins met betrekking tot oorgangsfase

Die oorgangsfase word bespreek in Skedule II van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet*. Artikel 1(iii) verwys na:

---

36 1999 1 SA 936 (GEH)

37 2000 3 SA 463 (T)

old order mining right means any mining lease, consent to mine, permission to mine, claim licence, mining authorisation or right listed in Table 2 to this Schedule in force immediately before the date on which this Act took effect and in respect of which mining operations are being conducted;

Gevolgtlik word daar volledig voorsiening gemaak vir die bestaande mynregte en 'n ontleding van tabel 2 maak volledig voorsiening vir toestemming tot myn en alle variasies wat ingevolge die *Mineraalwet*<sup>38</sup> verkry kan word.

Artikel 1(iv) verwys na:

old order prospecting right means any prospecting lease, permission, consent, permit or licence, and the rights attached thereto, listed in Table 1 to this Schedule in force immediately before the date on which this Act took effect and in respect of which prospecting is being conducted;

Daar word volledig voorsiening gemaak vir die bestaande prospekterregte en 'n onleding van table 1 maak volledig voorsiening vir toestemming tot prospektering, prospekterhuurkontrakte en prospekterpermitte.

Artikel 3 maak sorgvuldig voorsiening vir prospekter- en mynaansoeke wat reeds in die proses was van verkryging direk voor inwerkingtrede van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet*. Geen onbillike bepaling word in hierdie gemelde artikel gereflekteer nie en word dit kategoriees gestel dat indien die betrokke aansoeke gebrekkig is vanweë 'n tekort van inligting kan die gebrekkige inligting bloot verskaf word.

Soortgelyk maak artikel 6 ook voorsiening ten opsigte van bestaande prospekterregte.

Artikel 8 behandel die kwessie van bestaande ongebruikte regte. Ingevolge tabel 3 van die wet sluit hierdie ongebruikte regte ook mineraalregte in. Hierdie regte bestaan voort vir 'n tydperk van twaalf maande na inwerkingtrede van

---

38 Wet 50 van 1991

hierdie wet op dieselfde voorwaardes en beginsels waarin dit oorspronklik verkry is. Die mineraalreghouer kan binne hierdie gemelde tydperk aansoek doen om 'n prospekter of 'n mynreg. Sou die aansoek binne die twaalf maande plaasvind bly die reg steeds van krag al word die beslissing eers na twaalf maande uitgereik. Indien die mineraalreghouer nie binne hierdie tydperk aansoek doen om 'n prospekter-of mynreg nie, verval sy reg op minerale.

Daar word selfs in artikel 10 betreffende die bestaande omgewingsbestuursprogram dieselfde beginsel gehandhaaf. Die Minister beskik egter oor die magtiging om 'n wysiging aan te vra ten opsigte van die omgewingsbestuursprogram sodat dit aan die nodige vereistes voldoen.

Laastens maak artikel 12 ook volledig voorsiening vir kompensasie.

## **5      Sekuriteit van kontinuïteit van regte**

'n Tydperk van 30 jaar word vasgestel vir die duur van 'n mynreg. Hierdie tydperk kan egter nie onbillik wees nie, omrede daar wel 'n tydperk vasgestel moet word sodoende kontrolering te kan bewerkstellig. Artikel 24 van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* maak spesifiek daarvoor voorsiening dat die mynreg hernu kan word vir verdere tydperke wat elk nie 30 jaar mag oorskry nie.

Ten opsigte van 'n mynpermit word 'n tydperk van 2 jaar vasgestel waarbinne die mineraalbron ontgin moet word. Hierdie tydperk is weereens billik gesien in die lig van die kontrole wat uitgeoefen moet word op nie-herwinbare natuurlike bronne.

Die voorwoord van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* stel dit uitdruklik dat die staat verplig is om die omgewing vir die huidige en toekomstige bevolking te bewaar. Daar moet kontrole meganismes in plek gestel word en die tydperke van 30 jaar en 2 jaar onderskeidelik kom nie op onbillike praktyk neer nie.

Die wetgewing op mineraalregte kan ontwikkel word deur gebruik te maak van regsvergelyking<sup>39</sup>. Mineraalregte in die reg van Louisiana maak voorsiening vir verjaring van mineraalregte sou dit nie gebruik word vir 'n tydperk van 10 jaar nie<sup>40</sup>. Soos reeds genoem bepaal die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* dat 'n mineraalreghouer se reg verval om voort te bestaan na twaalf maande vanaf inwerkingtrede van die wet, sou hy nie in hierdie tydperk suksesvol wees om 'n prospekter of mynreg nie. In vergeleke met die reg van Louisiana wil dit op die oog af voorkom onbillik te wees. Daar moet na die voorwoord van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* gekyk word, waar dit uitdruklik gestel word dat die staat ingevolge die *Grondwet* verplig is om wetgewing en ander maatstawwe in te stel sodoende die vorige wanbalans in eienaarsbelang reg te stel.

## **6    Ekonomiese en finansiële aspekte van die Minerale- en Petroleumhulpbronnwet**

Die afgelope 20 jaar het baie ontwikkelingslande begin om staatsbesit van minerale ten gunste van privaatbesit af te water. Veral Latyns-Amerika het die verste gegaan om minerale en mynregte as volle eiendom en sekuriteit te erken, wat oorgedra en verkoop kan word en waarop verbandlenings geneem kan word. Dit het daartoe gelei dat 29 persent van alle mynboubeleggings ter wêreld nou daarheen vloei. Die Verenigde Nasies en die Wêreldbank het ook 'n peiling gedoen en bevind dat sekerheid rondom eienaarskap en alleenregte op ekspolorasiewerk en ontginning die vernaamste dryfveer is vir mynbou-investering. In Suid-Afrika sal vergoeding vir onteiene mynregte na raming R500 miljard bedra, wat natuurlik heeltemal buite die staat se vermoë is<sup>41</sup>.

---

39   Badenhorst 1998 *Stell LR* 105

40   Badenhorst 1994 *De Jure* 60

41   Leuvenink *Beeld* 8

'n Onlangse studie het getoon dat meer as 5 miljoen Suid-Afrikaners (een uit agt) hulle primêre inkomste verkry vanaf die mynindustrie. Verder is ook bepaal dat die uitvoer van minerale meer as 40 persent verteenwoordig van Suid-Afrika se totale uitvoer. 'n Verdere 20 persent van uitvoere is ook indirek gekoppel in die vorm van waardetoegevoegde mineraalprodukte soos staal en chroom<sup>42</sup>.

Die belangrikheid wat die mynbedryf op die ekonomie veroorsaak, is ook beklemtoon deur die president van die Verenigde Republiek van Tanzania tydens die 111de jaarlikse vergadering van die Kamer van Mynwese op 15 November 2001 waartydens hy die volgende stelling gemaak het<sup>43</sup>.

Mines can also be the economic engines of the communities in which they are located. Not all spillover effects are automatic, but with appropriate local economic development programs and instruments, mining projects can positively transform surrounding communities, ensuring that the local population benefits from the mine and share in the growth potential it creates for the local economy.

Tydens 'n werkswinkel van die 'Directorate of Professional Programmes of the Geological Society' van Suid-Afrika gehou op 10 Mei 2002 het M G Diliza, uitvoerende hoof van die Kamer van Mynwese, die stelling gemaak dat daar 'n wanindruk bestaan dat mynmaatskappye besit word deur 'n handjievol welgestelde en invloedryke families. Hierdie persepsie is verkeerd, aangesien 50 persent van die industrie besit word deur Suid-Afrikaanse pensioenfondse en effektrusters en 'n verdere 40 persent word besit deur buitelandese beleggers. Huidige kapitaal projekte vir die volgende 5 jaar beloop minstens R70 biljoen en sal hierdie projek ten minste 1 miljoen werksgeleenthede skep. Diliza het ook na die volgende aanhaling van Minister Phumzile Mlambo-Ngcuka verwys<sup>44</sup>.

.... We want our industry to continue being a 'sunrise industry' for a long time to come.

---

42 Chamber of Mines 2000

<http://govdocs/pr/200/www.polity.org.za/govdocs/ps/2000/pr1218.html> 18 Des

43 Chamber of Mines 2001 [http://bullion.org.za/Level3/Media Speech/Mkapa.htm](http://bullion.org.za/Level3/Media%20Speech/Mkapa.htm) 15 Nov

44 Chamber of Mines 2002 <http://www.bullion.org.za/Level3/MediaSpeech/Mintek.htm> 4 Apr

Die hoofbeswaar teen die vorige *Wetsontwerp*<sup>45</sup> was dat dit ekonomiese implikasies geïgnoreer het. Verskeie aspekte het hiertoe aanleiding gegee, soos onder andere die onsekerheid vir die allokering van prospekteer en mynregte deur die wye magte van diskresie wat aan die minister verskaf is. Ingevolge artikel 48(g), die instelling van tantieme. Asook die inkorting van die verhandelbaarheid van mineraalregte.

Deur die *Wetsontwerp* met die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* te vergelyk word daar in die besonder na die volgende aspekte in die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* verwys;

### ***Voorwoord***

Reeds in die voorwoord word dit genoem dat ekonomiese ontwikkeling bevorder moet word.

### ***Fundamentele beginsels***

#### ***Doel van die Wet***

Artikel 2(e) stel dit ten doel dat ekonomiese groei in die Republiek bevorder moet word.

#### ***Bewaarder (Trustee) van die nasie se minerale bronne***

Artikel 3(3) lê die verpligting op die Minister om toe te sien dat ekonomiese ontwikkeling moet plaasvind.

#### ***Aansoek, uitreiking en duur van mynpermitte***

Artikel 27(1)(a) maak voorsiening dat 'n mynpermit slegs toegestaan sal word indien die mineralebron ten minste vir 'n tydperk van 2 jaar ten volle ontgin kan word.

---

45 W 15 D - 2002

*Uitreiking van 'n opskortende permit*

Indien die mark situasie veroorsaak dat dit onekonomies sal wees dat verdere ontginning plaasvind, bemagtig artikel 32(1)(d) die Minister om 'n permit op te skort. Soortgelyk maak artikel 51(2) ook voorsiening dat die raad 'n aanbeveling kan maak indien dit sou voorkom dat die huidige markomstandighede nie verdere ontginning regverdig nie.

*Kennisgewing van winsgewendheid en inkorting van mynbedrywighele wat indienseneming affekteer*

Artikel 52(1) maak voorsiening dat die houer van 'n mynreg die raad in kennis moet stel sodra sy winsgrens minder as 6 persent daal vir 'n ononderbroke tydperk van 12 maande.

*Befondsing van die raad*

Artikel 65 bepaal uitdruklik dat geld wat benodig word vir die uitgawes van die raad verkry moet word vanaf die bedrag wat die parlement toegewys het aan die departement mineraal en energiesake.

*Verslaggewing van die raad*

Die raad moet ingevolge Artikel 67 jaarliks voor 31 Maart 'n volledige verslag aan die Minister voorlê van die voorafgaande jaar se verrigtinge asook 'n besigheidsplan voorlê vir die komende jaar.

*Algemeen en veelsydige bepalings**Regulasies*

Ingevolge artikel 107(2) mag daar slegs staatsfondse bemagtig word vir die uitgawes van die departement mineraal en energiesake indien die Minister van finansies dit goedkeur.

Deur bogemelde aanhalings van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* wil dit duidelik voorkom asof die wetgewer poog om die ekonomie te bevorder. Ongelukkig moet daar ook na verdere aspekte in die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* gekyk word, naamlik artikel 55(1) bepaal dat vergoeding betaal moet word vir die onteining en sal dit beslis bydra tot 'n negatiewe effek tot die ekonomie.

Probleme wat gestel was deur ABSA vir die oorname van die kleinskaalmynbedryf, kan in die skrywer se mening slegs gedeeltelik verhoed word, deurdat daar goedgevestigde swartbemagtigingsgroepe is wat die bedryf kan betree en dus kan subkontraktering aan kleiner organisasies plaasvind. Alhoewel dit reeds deur NUM gemeld is dat die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* nie pertinent voorsiening maak vir subkontraktering nie, is dit normale besigheidspraktyk in enige bedryf.

## 7 Omgewingsaangeleenthede

Dit word bevestig deur Fuggle en Rabie dat mynbouwetgewing min aandag aan omgewingsbewing skenk. Die *Wet op Myne en Bedrywe* 29 van 1956 is egter in 1977 gewysig om die Minister van Minerale- en Energiesake in staat te stel om regulasies rakende die bewaring van die omgewing in mynbougebiede uit te vaardig. Hierdie regulasies het ook ingesluit regulasies rakende die rehabilitasie van grond waar mynbou plaasgevind het. Regulasies uitgevaardig na aanleiding hiervan het in 1980 die eerste mynbouwetgewing met omgewingsbewaringsmaatreëls uitgemaak<sup>46</sup>.

Pienaar en Olwagen<sup>47</sup> verskaf 'n breedvoerige gevolgtrekking van mynbou waarna met reg gekyk kan word. Volgens hulle word dit gestel dat daar 'n positiewe sy is aan mynbou deurdat dit geld genereer asook werksgeleenthede skep. Daar is egter ook 'n negatiewe sy deurdat dit besoedeling veroorsaak. 'n Verdere gevolgtrekking van hulle is dat die *Omgewingsbewaringswet* onderhewig is aan verskeie aspekte van kritiek. Sedert bogemelde publikasies

46 Fuggle en Rabie *Environmental Management in South Afrika* 366

47 Pienaar en Olwagen 1998 *De Jure* 18

is daar 'n nuwe wet in die lewe geroep naamlik die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998. Alhoewel die toepassing van hierdie Wet nie mynbou insluit nie, verwys artikel 34(1) van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* dat al die beginsels soos vervat in artikel 2 van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* van toepassing is. Verder bepaal artikel 34(1)(a) dat dit ook van toepassing is op alle prospekter-en mynbedrywighe.

Die *Grondwet* verskaf uitdruklike beskerming ten opsigte van die bewaring van die omgewing. Die verpligting word gevolglik geplaas op die staat ingevolge artikel 24(b) van die *Grondwet* vir die beskerming van die omgewing<sup>48</sup>.

Hoofstuk 4 van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* maak sorgvuldig in artikel 37, 38 en 39 voorsiening vir die implementering van kontrolemeganismes vir die beskerming van die omgewing. Die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* kan egter gekritiseer word dat daar nie genoegsame interaksie bewerkstellig word tussen die verskillende rolspelers nie. Daar word voorgestel dat 'n wetlike omgewingsbestuursprogram in werking gestel moet word onder leierskap van die Departement Mineraal- en Energiesake, met verteenwoordiging van verskeie departemente wat sal insluit: Departement van Omgewingsake en Toerisme, Water en Bosbou, Landbou, Finansies en Handel en Nywerheid. Hierdie verteenwoordigers kan die Minister dan adviseer oor die aansoeke en dit behoort die monitering ingevolge artikel 36 van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* te vergemaklik.

Die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* bewerkstellig egter 'n uitdruklike kontrolemeganisme deurdat artikel 39(1) 'n tydperk van 180 dae vasstel vir die indiening van 'n omgewingsbestuursprogram met die aansoek om 'n prospekterreg, mynreg of mynpermit.

Alhoewel in artikel 40(2) melding gemaak word van kommentaar wat binne 60 dae ingehandig moet word, word geen verdere finaliteit verkry indien kommentaar nie binne 60 dae ontvang sou word nie. Daar word voorgestel dat hierdie aangeleentheid aangespreek moet word, deur 'n verdere invoeging wat die gevolg verduidelik indien daar versuim sou word om die aansoek betyds in te dien.

Die bedoeling van die wetgewer en die inhoudelike vereistes genoem in die wet, voldoen aan die omgewingsvereistes soos gestel deur hoofstuk 5 van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* No 107 van 1998.

Wat betref die beginsels soos neergelê in artikel 6 van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet*, is die skrywer van mening dat die konstitusionele beginsels van artikel 24 van die *Grondwet* herhaal moet word en sodoende die *locus standi* van enige persoon bevestig. Volgens gerapporteerde regspraak voor die inwerkingtrede van die *Grondwet*, byvoorbeeld *Van Moltke v Costa Aerosa*,<sup>49</sup> is *locus standi* van 'n belangegroep geweier. In die saak van *Director: Mineral Development, Gauteng Region, and another v Save the Vaal Environment and Others*<sup>50</sup> is daar egter beslis dat 'n vrywillige vereniging wel as regspersoon oor *locus standi* beskik nieteenstaande die feit dat hulle nie voldoen het aan die bepaling van artikel 30(1) van die *Maatskappywet* 61 van 1973 nie. Verder is daar in die saak van *Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v President of the Republic of South Africa and Others*<sup>51</sup> beslis dat die lede van die applikant nie oor *locus standi* beskik het nie, maar het die hof bevind dat al sou hy verkeerde beslissing maak om *locus standi* aan hulle te verleen geen regte van die applikant daardeur benadeel sou word nie. Alhoewel teenstrydige regspraak oor die aspek bestaan, is die skrywer van mening dat dit wel aangebring moet word in die beginsels van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* sodoende regsekerheid te verseker.

---

49 1975(1) SA 255 (K)

50 1999(2) SA 709 (HHA)

51 2002(1) BCLR 23 (KH)

Sou 'n mens ook kyk na die inhoud van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* se beginsels, vervat in artikel 2, word daar verwys na die regte soos vervat in hoofstuk 2 van die *Grondwet* en sou 'n mens gevolglik verwag dat die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* ook verwys na die *Grondwet*.

## 8 Gevolgtrekking

Met aanvaarding van die nuwe grondwetlike bedeling het verskeie statutêre maatreëls om grondhervorming te bewerkstellig in werking getree, ten einde te poog om die groot ongelikheid wat geheers het te herstel. Dit is voor die hand liggend dat wetgewing ingestel moet word ten opsigte van minerale vir soortgelyke herstel van die wanbalans.

Afgesien van klein veranderinge soos voorgestel by die definisies en die fundamentele beginsels, wil dit voorkom dat die geheel van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* voldoen aan die beginsels van artikel 25(2) en (3) van die *Grondwet*. In artikel 52(1) van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* word dit kategoriees gestel dat onteining sal geskied deur te kompenseer daarvoor. Wat betref die omgewingsbewaring soos vervat in artikels 34, 35 en 36 van hoofstuk 4 van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet*, word dit ook voorgestel dat verskeie betrokke departemente se verteenwoordigers geken moet word met die oorweging van 'n aansoek.

Betreffende die oorgangsfase soos vervat in skedule 2 tot die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* word sorgvuldig voorsiening gemaak vir die beskerming van die bestaande prospekter- en mynregte wat reeds toegeken is.

---

Deur implementering van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* sal die bestaande ongelykheid wat tans heers, herstel kan word en dit kan gesamentlik met reeds bestaande wetgewing wat ingestel is, bydra om grondhervorming te bewerkstellig.

Alhoewel die wanbalans herstel kan word deur implementering van die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet*, sal dit beslis 'n negatiewe effek hê tot ekonomiese ontwikkeling. Die rede vir hierdie gevolgtrekking is dat kleiner organisasies nie kan meeding met die bestaande mynmaatskappye en gepaardgaande buitelandse investering wat tans 'n doeltreffende ontginning van die beskikbare mineraalbronne bewerkstellig nie.

Daar kom wel verskeie maatreëls voor in die *Minerale- en Petroleumhulpbronnwet* om voorsiening te maak vir omgewingsbewing. Hierdie maatreëls is onvoldoende omrede daar geen samewerking tussen die verskeie departemente is nie.

**Bronnelys en literatuurlys: boeke****B****Brown** *Land Restitution*

Brown M ea *Land Restitution in South Africa: A Long Way Home* 1e uitg (Idasa 1998)

**C****Carey Miller en Pope** *Land Title*

Carey Miller DL en Pope A *Land Title in South Africa* 1e uitg (Juta Kaapstad 1998)

**Chaskalson** ea *Constitutional Law*

Chaskalson M ea *Constitutional Law of South Africa* 1e uitg (Juta Kaapstad 1996)

**D****De Waal, Currie en Erasmus** *Bill of Rights*

De Waal J, Currie I en Erasmus G *The Bill of Rights Handbook* 1e uitg (Juta Kaapstad 1998)

**F****Fuggle en Rabie** *Environmental Management*

Fuggle RF en Rabie MA *Environmental Management in South Africa* 1e uitg (Juta Kaapstad 1992)

**G****Gutto** *Jurisprudential Perspectives*

Gutto SBO *Constitutional and Jurisprudential Perspectives* 1e uitg (Butterworths Durban 1995)

**R**

Raubenheimer *Waardasiereg*

Raubenheimer J *Waardasiereg* 1e uitg (Butterworths Durban 1988)

Rautenbach en Malherbe *Constitutional Law*

Rautenbach IM en Malherbe EFJ *Constitutional Law* hersiende 2e uitg  
(Butterworths Durban 1997)

**V**

Van der Walt *Constitutional Property*

Van der Walt AJ *The Constitutional Property Clause* 1e uitg (Juta  
Kaapstad 1997)

Van der Merwe *Notariële Praktyk*

Van der Merwe FE *Notariële Praktyk* 1e uitg (Digma Pretoria 1989)

Van der Walt en Pienaar *Sakereg*

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 3e uitg (Juta  
Kaapstad 1999)

Van Wyk ea *Constitutionalism*

Van Wyk D ea *Rights and Constitutionalism* 1e uitg (Juta Kaapstad  
1994)

**Bronnelys en literatuurlys: historiese bronne**

*Resolusie van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek* 8 November  
1881

**Bronnelys en literatuurlys: tydskrifartikels****B**

Badenhorst PJ “Mineral rights under Louisiana law (Part 2)” 1994 *DE JURE*  
Jaargang 27 Vol 1 54-65

Badenhorst PJ “Trojan Trilogy: III Mineral Rights and Mineral Rights Law”  
1999 *STELL LR* 96-109

**H**

Hopkins K “Taking without compensation” Jan 2001 *DE REBUS* 27-29

**K**

Kleyn D “The Law of Property and the final Constitution” 1996 *LESING UP*  
1-30

**P**

Pienaar GJ en Olwagen JC “Die invloed van mynbou op omgewingsbewing”  
1998 *DE JURE* Jaargang 31 Vol 1 18-43

**Bronnelys en literatuurlys : koerantberigte****C**

Cook L “Didiza gives rundown on land reform policy” 15 Februarie 2000  
*BUSINESS DAY 2*

**G**

Gunning E en Van Tonder J “Moenie karring aan minerale regte nie” 20 Mei  
2001 *RAPPORT 5*

**H**

Hlatshwayo Z “Tenure act fails rural poor” 29 Mei 2000 *BUSINESS DAY 11*

**L**

Leuvennink J “Nuwe wet binnekort ingedien” 15 April 2002 *BEELD 8*

**R**

Redakteur “Konsepwet sal mynbou se wanbalans aanpak” 15 Julie 2001  
*RAPPORT 5*

**Bronnelys en literatuurlys: wetgewing**

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996*

*Mineral Development Draft Bill SK 4577 SK 21840 (18-12-2000)*

*Minerals and Energy Rationalisation Act 47 of 1994, Prok R46 van 1995 in SK 5498 van 28 April 1995*

*Mineraal Wet 50 van 1991*

*Namibian Constitution*

*Nasionale Waterwet 36 van 1998*

*Onteieningswet 63 van 1975*

*Registrasie van Akteswet 47 van 1937*

*Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996*

*Wet op die Herstel van Grondregte 22 van 1994*

*Wet op Myne en Bedrywe 29 van 1956*

*Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998*

*Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995*

*Wet op Tussentydse Beskerming van Uitsetting en Onregmatige Besetting van grond 19 van 1998*

*Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997*

**Bronneverwysings: register van hofsake**

*Attorney General v De Keyser's Royal Hotel Ltd* 1920 AC 508 (HL) (United Kingdom)

*Bodasing v South African Roads Board* 1995 4 SA 877 (D)

*Cultura 2000 v Government of the Republic of Namibia* 1993 2 SA 12(Nm)

*De Villiers v Stadsraad van Mamelodi* 1995 4 SA 347 (T)

*Director: Mineral Development, Gauteng Region, and Another v Save the Vaal Environment and Others* 1999 2 SA 709 (HHA)

*In re Farmerfield Commercial Property Trust* 1999 1 SA 936 (GEH)

*Kangra Holdings v Minister of Water Affairs* 1998 4 SA 330(HHA)

*Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v President of the Republic of South Africa and Others* 2002 1 BCLR 23 (T)

*Mooikloof Estates v Premier, Gauteng* 2000 3 SA 463 (T)

*Trojan Exploration Co (Pty) Ltd v Rustenburg Platinum Mined Ltd* 1996 4 SA 499 (HHA)

*Van Moltke v Costa Aerosa* 1975(1) SA 255 (K)

*Wall v Leger* 402 So 2d 704 710 (1981)(VSA)

**Bronneverwysings: internet**

Diliza MG 2002 The new Minerals Development Bill – chamber of Mines’ viewpoint <http://www.bullion.org.za/Level3/MediaSpeech/function.htm>

Menell R 2000 Minerals Development Bill  
<http://www.polity.org.za/govdocs/pr/2000/pr1218.html>

Mkapa BW 2001 Turning idle mineral wealth into a potent weapon against poverty <http://www.bullion.org.za/Level3/MediaSpeech/Mkapa.htm>